

22 Februarie

Skrifgedeelte: Johannes 11:33-44

Fokusgedeelte: Johannes 11:40

Die wonderbaarlike mag van God

By die graf van Lasarus sê Jesus vir Marta: "... as jy glo, sal jy die openbaring van die wonderlike mag van God sien." Dit is waarom dit in die wonderwerke van Jesus gaan. God het deur die wonders sy wonderbaarlike mag laat sien. Deur Jesus se optrede hier op aarde was God aan die werk. Dit was 'n teken van die deurbraak van God se koninkryk.

Dit is veral waar van die opwekking van Lasarus. Die wonderwerk het na Jesus Christus gewys as dié Een wat lewe gee, selfs uit die dood. Dit het gelei tot die onontwykbare slotsom dat Hy doen wat God alleen kan doen – dat Hy God is! Dit is terselfdertyd hierdie daad van opwekking uit die dood wat tot Jesus se dood lei. Dit dwing mense tot 'n keuse vir Hom of téén Hom. Dit lei tot Kajafas se woorde (Joh 11:50): "... julle besef ook nie dat dit tot julle voordeel is dat een man vir die volk sterwe en nie die hele nasie verlore gaan nie."

Dat Een vir baie gesterf het, dit is die evangelie!

Sing: Psalm 146:8 (p. 701)

Dr. F van der Walt (Bellville-Oos)